

Hoofstuk van die dag: Hebreërs 6

God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie. (Heb 6:10)

Op die oog af lyk dit hier asof ons deur ons liefdeswerk by God punte kan verdien. Maar as ons dit só verstaan, staan dit lynreg teen ons belydenis dat ons nie ons saligheid by God kan verdien nie (vgl Rom 3:24 en 28). Dit kan dus nie wees wat die skrywer bedoel nie. Wat ons van God ontvang, is alles genade en nie ’n beloning vir prestasie nie.
As ons egter die woorde hoor vanuit die konteks van swaarkry en sukkel, maak dit sin. Dit kan gebeur dat jy wonder wat dit jou help om vir die Here te leef, want jy kry uit verskillende oorde klappe en beledigings (vgl Mal 3:14-16). Jy kry dan dalk jouself jammer, of jy wonder waarheen God met jou op pad is. Dis in dié omstandighede dat jy hierdie woorde in Hebreërs moet hoor, en weet: God sien wel raak wat in jou lewe aangaan, en Hy sien jou geloofsvolharding. So, hou moed. Hy het jou nie vergeet nie!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026